Pionierdrukkery

Pionierdrukkery bied ondersteuning om die lewenskwaliteit en geletterdheid by siggestremdes, meervoudiggestremdes en doofblinde persone te bevorder deur die produksie en verspreiding van literatuur in al die mediums wat vir siggestremdes toeganklik is.

- Voorsien en versprei lektuur in braille
- Voorsien en versprei lektuur in grootskrif
- Voorsien en versprei lektuur in klank
- Voorsien musieklektuur in braille

Pionierskool vir Siggestremdes

Finansiële ondersteuning aan Pionierskool om onderwys aan siggestremde leerders uit te bou

- Verblyf in koshuise
- Gespesialiseerde onderwys en aanvullende gesondheidsdienste
- Opleiding in oriëntasie en mobiliteit
- Sport en kulturele aktiwiteite
- Bronnesentrum

Hoe kan u ons help?

- Doen voorbidding vir ons werk
- Koop ons produkte, o.a. matrasse en rottangmeubels – katalogus beskikbaar
- Benut ons dienste, bv. oudio tydskrifte
- Skenkings: alle skenkings is belastingaftrekbaar
- Inskakeling as vrywilliger
- 'n Bemaking in u testament – ons voorsien volledige inligting
- Werkverskaffing aan siggestremde persone
- Ons bring graag 'n besoek aan kerke en groepe – nooi ons
- Besigtigingstoere aan ons fasiliteite en dienste

'n Program van Badisa
NGO – 011-891

Kontakbesonderhede

Die Uitvoerende Hoof
Instituut vir Blindes
Kerkstraat 132
Worcester, 6850

tel : 023 347 2745
faksnr : 023 342 1169
eposadres: jacbotha@blind-institute.org.za
www.blind-institute.org.za
facebook "institute for the blind"

Bankbesonderhede:

Instituut vir Blindes
ABSA Bank, Worcester
Tjekrekeningnr 440410243
Takkode: 632005

Instituut vir Blindes Worcester

Sedert 1881

Die Instituut vir Blindes lewer die volgende dienste

"saam skep ons 'n toekoms ...."

Nywerhede

Die voorsiening van verblyf- en werkverskaffingsgeleenthede aan volwasse siggestremdes, meervoudiggestremdes en doofblindes om so fondse deur vervaardigings- en handelsaktiwiteite te genereer sonder om wins voorop te stel.

- Werkverskaffing in ses fabrieke – matras, weef, verpakking, rottang, houtwerk en metaal
- Verblyf en etes in woonstelle en tehuise
- Werkbevrediging en 'n gevoel van menswaardigheid
- Verkope van vervaardigde produkte in ons winkels en Parow depot.

Opleiding, vaardigheids- en loopbaanontwikkeling

Siggestremdes, meervoudiggestremdes en doofblinde volwasse persone ontvang deurlopend opleiding en vaardigheids-ontwikkeling om hul lewenskwaliteit en menswaardigheid te bevorder.

- Volwasse opleiding en ondersteuning in braille, rekenaar, alternatiewe kommunikasie metodes, ABET, musiek- en lewensvaardighede
- Opleiding in oriëntasie en mobiliteit
- Hannes Duminy Lokaal – terapeutiese opleiding aan meervoudiggestremdes
- Die MJ Luttig lokaal vir Doofblindes - rekenaaropleiding, internet toegang
- Lae Visie ondersteuning, opleiding en dienste ook aan die gemeenskap
- Loopbaanontwikkeling t.o.v. inbelsentrum/ kliëntediens, rekenaar en N-programme
- Ontspanning (gholf, perdry, doelbal, skaak, swem, dans, orkes en rolbal) en ander sosiale aktiwiteite

Versorgingsdienste

Ons residensiële versorgingsfasiliteite en etes voldoen aan die norme en standaarde vir persone met gestremdhede. Siggestremdes, meervoudiggestremdes en doofblinde volwassenes word ge-akkommodeer in tehuise en woonstelle met ondersteunende mediese en terapeutiese dienste o.l.v. ons deernisvolle en kundige personeel.

- Ebenhaezer Tehuis – meervoudiggestremdes
- Huis De Villiers – siggestremde mans
- Huis Jack Pauw – siggestremde dames
- Huis Dirk Brand – siggestremde mans
- James Murray woonstelle - siggestremde gesinne
- AS Cronje woonstelle – siggestremde gesinne
- Binnehof woonstelle – siggestremde gesinne

Bejaardesorg

Die bevordering van die lewenskwaliteit van ons bejaarde gestremde persone word aangespreek d.m.v. veilige akkommodasie-geriewe, spesiale etes, intensiewe sorg in 'n goed toegeruste siekeboeg, ondersteuning en sosiale aktiwiteite.

- Huis Brevis – Tehuis vir bejaardes (met visuele gestremdhede)

Ondersteuningsdienste

Met professionele ondersteuning en kundige personeel word die siggestremde, meervoudiggestremde en doofblinde persoon bygestaan op vele terreine.

- Individuele beroepsopleiding
- Individuele evaluering
- Loopbaan beplanning
- Werkplasing
- Multi-sensoriese stimulasie program – Snoezelen eenheid
- Groepsterapie
- Sielkundige berading

Bemarking en bewusmaking

Voortdurende bemarking en bewusmaking t.o.v. ons dienste en fasiliteite is noodsaaklik.

- Blindiana Museum –'n museum vir siggestremde persone oor visuele gestremdheid
- George van Heerden Tasbare Fossieluitstallings
- Eddie van Dijk Geologiese uitstalling
- The Blind Spot – gestremdvriendelike ontvangslokaal en teater
- Uitreikaksies – bekendstelling van inligting en dienste aan die gemeenskap
- Spesiale geleenthede – bv. Ete in die Donker, Gholfdae, Oogsorgweek,
- Media bewusmaking – nuusbriewe, pers en televisie